



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BESIGHEIDSTUDIES V1

2021

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.
 AFDELING A: VERPLIGTEND
 AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
 Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
 AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
 Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.
2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
 Let daarop dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genummer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne geskryf word.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	30
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	2	40	30
	3	40	30
	4	40	30
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	5	40	30
	6	40	30
TOTAAL		150	120

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Cosmetics Bpk. het aan die ... voldoen deur dieselfde werksgeleenthede te verskaf aan mense wat fisiese uitdagings het.

- A Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)
- B Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
- C Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
- D Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997)

1.1.2 Werkers is geregtig op 'n etenspouse van ... minute na vyf aaneenlopende ure se werk.

- A 90
- B 45
- C 60
- D 15

1.1.3 Besighede voeg onverwante produkte by hulle bestaande produkte wat moontlik vir nuwe klante aantreklik kan wees. Dit is 'n voorbeeld van 'n ... diversifikasie-strategie.

- A konglomerasie-
- B horisontale
- C konsentriese
- D diagonale

1.1.4 Mano en Seuns het die ... werwingsmetode gebruik toe hulle 'n vakante pos op hul besigheid se kennisgewingbord geadverteer het.

- A agentskap-
- B aanlyn
- C interne
- D eksterne

1.1.5 Die implementering van verandering op 'n groter skaal deur Themba Konstruksie is die ...-stap van die BDKH-model.

- A beplan
- B doen
- C kontroleer
- D handel

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

leerlingskap; 'n mate van beheer; bestuur; roofwerwing; internskap; geleentheid; prestasie; geen beheer; sterk punt; instapwerwing ('walk-ins')

1.2.1 Die eienaar van Luke Bed & Ontbyt het 'n ... geïdentifiseer toe Mandy Bed & Ontbyt hul deure gesluit het.

1.2.2 Besighede het ... oor die markomgewing.

1.2.3 'n ...-ooreenkoms sluit praktiese werkondervinding in wat tot 'n erkende beroepskwalifikasie kan lei.

1.2.4 'n Ervare ouditeur van Zaks Konsultasies het 'n werksaanbod van Zizi Konsultasies ontvang. Dit staan as ... bekend.

1.2.5 Adrian Vervaardigers het gehalte-... toegepas toe hulle die totale uitset van elke departement teen gespesifiseerde standaarde gemeet het. (5 x 2)

(10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Oortyd	A	beëindiging van 'n indiensnemings-kontrak as gevolg van herstrukturering
1.3.2	Vaardigheids-ontwikkelingsheffing	B	hoeveelheid goedere en dienste wat die behoeftes van klante bevredig
1.3.3	Sifting	C	werkers word toegelaat om 11 uur per week buiten hulle normale werksure te werk
1.3.4	Gehalte	D	werkgewers en werknemers dra 1% van hulle betaalstaat aan SAID by om werknemers op te lei
1.3.5	Afdanking	E	kandidate se vaardighede en vermoëns word by die vereistes van die pos gepas
		F	werkers word toegelaat om drie uur per dag buiten hul normale werksure te werk
		G	vermoë van goedere om die spesifieke behoeftes van klante te bevredig
		H	werkgewers dra 1% van hulle betaalstaat aan SAID by om werknemers op te lei
		I	kandidate se aansoekvorms word teen die vereistes van die pos gekontroleer
		J	beëindiging van 'n indiensnemings-kontrak as gevolg van wangedrag

(5 x 2)

(10)

TOTAAL AFDELING A:**30**

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Noem enige TWEE verlobbepalings soos in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) gestipuleer. (2)
- 2.2 Beskryf kortliks die regte van werknemers in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (6)
- 2.3 Identifiseer die PESTWO('PESTLE')-elemente wat 'n uitdaging vir Bessieplaas in ELK van die volgende stellings inhou:
- 2.3.1 Werknemers is nie in staat om die moderne masjinerie te gebruik wat onlangs aangekoop is nie. (6)
- 2.3.2 Die bestuur het 'n boete gekry vir die storting van hulle afvalmateriaal in die rivier. (6)
- 2.3.3 Bessieplaas kan nie meer hul produkte uitvoer nie as gevolg van die ongunstige wisselkoers. (6)
- 2.4 Verduidelik die doel van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA'), 1997 (Wet 61 van 1997). (6)
- 2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GELD BANK (GB)

Geld Bank het dieselfde rentekoers ongeag die kliënt se vlak van inkomste. Die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) het Geld Bank beboet vir die roekelose toestaan van krediet. GB het opdrag ontvang om al die koste te dra met betrekking tot die verwydering van die name van kliënte wat by die kredietburo op die swartlys geplaas is.

- 2.5.1 Haal TWEE strafmaatreëls uit die scenario hierbo aan wat aan GB vir die nienakoming van die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) opgelê is. (2)
- 2.5.2 Beskryf die positiewe impak van die Nasionale Kredietwet op besighede. (6)
- 2.6 Bespreek enige TWEE tipes defensiewe strategieë. (6)
- 2.7 Stel maniere voor waarop besighede aan die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) kan voldoen. (6)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 3.1 Noem VIER aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (4)
- 3.2 Beskryf kortliks die voordele van induksie vir besighede. (6)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SIPHO SKRYFBEHOEFTE (SS)

Sipho Skryfbehoeftes het 'n vakante pos vir 'n boekhouer in die plaaslike koerant geadverteer. Die advertensie het genoem dat die voornemende kandidaat 'n relevante formele kwalifikasie moet hê. Die boekhouer moet in staat wees om finansiële state te kan opstel.

- 3.3.1 Identifiseer TWEE komponente van 'n posontleding wat Sipho Skryfbehoeftes uitgelig het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.3.1 te beantwoord.

KOMPONENTE VAN 'N POSONTLEDING	MOTIVERINGS
1.	
2.	

- 3.3.2 Verduidelik die voordele van eksterne werwing vir besighede. (4)
- 3.4 Brei uit oor die betekenis van *gehaltebestuur*. (4)
- 3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

IKHAYA BAKSTEENVERVAARDIGER (IBV)

Die werknemers van Ikhaya Baksteenvervaardiger is nie voldoende opgelei nie, wat die produksie van swak gehalte produkte tot gevolg het. IBV ervaar 'n afname in verkope aangesien meer goedere deur ongelukkige klante teruggebring word. Die bestuur van IBV beweer dat die besigheid 'n goeie beeld het ten spyte van hierdie uitdagings.

- 3.5.1 Haal TWEE gevolge van swak implementering van TGB deur IBV in die scenario hierbo aan. (2)
- 3.5.2 Gee die bestuur van IBV raad oor die impak van TGB indien dit swak geïmplementeer word, behalwe dit wat in VRAAG 3.5.1 genoem is. (4)
- 3.6 Verduidelik hoe die gehalte van prestasie van die administrasiefunksie tot die sukses van die besigheid kan bydra. (4)
- 3.7 Evalueer die impak van voldoende finansiering en kapasiteit as 'n element van totale gehaltebestuur (TGB) op groot besighede. (6)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

- 4.1 Beskryf kortliks die rol van SOOO's ('SETAs'). (4)
- 4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

CAREL TELEVISIES (CT)

Carel Televisies spesialiseer in die vervaardiging van slim televisiestelle. Hulle het 'n kontrak met Thuli Verspreiders (TD) geteken om hul produkte by klante af te lewer. CT wil intensiewe strategieë vir volhoubare groei in die mark implementeer.

- 4.2.1 Identifiseer die tipe sakesektore waarin CT en TD bedryf word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.2.1 te beantwoord.

	BESIGHEIDSEKTORE	MOTIVERINGS
Carel Televisies (CT)		
Thuli Verspreiders (TD)		

- 4.2.2 Verduidelik die voordele van intensiewe strategieë. (4)
- 4.3 Stel maniere voor waarop besighede ondernemings- en verskaffer-ontwikkeling (OVO) as 'n BBSEB-pilaar in die werkplek kan toepas. (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 4.4 Noem TWEE salarisvasstellingsmetodes wat besighede kan toepas om hul werknemers te vergoed. (2)
- 4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUKI KONSULTASIES (SK)

Suki, die eienaar van Suki Konsultasies, gaan onderhoude vir 'n vakante pos voer. Sy het 'n stel vrae voorberei wat tydens die onderhoude gevra gaan word. Suki het ook 'n geskikte lokaal vir die onderhoude bespreek.

- 4.5.1 Haal TWEE rolle van Suki, as die onderhoudvoerder, voor die onderhoud uit die scenario hierbo aan. (2)
- 4.5.2 Verduidelik die doel van 'n onderhoud as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (6)
- 4.6 Bespreek die belangrikheid van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (4)
- 4.7 Gee besighede raad oor die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (6)

[40]**TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

Besighede moet geskikte strategieë ontwikkel om uitdagings in die besigheidsomgewing te hanteer. Integrasiestrategieë kan geïmplementeer word in reaksie op bevindinge van die toepassing van Porter se Vyf Kragte-model. Besighede moet hulle strategieë evalueer.

Skryf 'n opstel oor besigheidstrategieë waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die stappe in die ontwikkeling van 'n strategie.
- Bespreek DRIE tipes integrasiestrategieë.
- Verduidelik hoe besighede die volgende Porter se Vyf Kragte-model kan toepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer:
 - Krag van verskaffers
 - Krag van mededingers/Mededingende wedywing
 - Bedreiging van substitusie/Plaasvervangers
- Gee besighede raad oor die stappe wat hulle moet oorweeg wanneer hulle strategieë evalueer.

[40]**VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)**

'n Goeie bestuurstelsel sluit die gehaltebeheer en gehalteversekering van produkte in. Besighede moet die aankoop- en bemarkingsfunksies bestuur sodat die eindproduk die klante bevredig. 'n Deeglike kennis van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels, as 'n element van totale gehaltebestuur (TGB), kan die koste van gehalte verminder.

Skryf 'n opstel oor gehalte van prestasie waarin jy die volgende aspekte bespreek:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering*.
- Verduidelik die gehalteaanwysers vir die volgende besigheidsfunksies:
 - Aankope
 - Bemarking
- Evalueer die impak van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels as 'n element van TGB op groot besighede.
- Stel maniere voor waarop TGB die koste van gehalte kan verminder.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150